DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

26/2024

12 September 2024

## LIEWE MENLO


Dit is altyd 'n fees om 'n Parkie te wees, maar een maal per jaar word Parkie-wees behoorlik met die Menlofees gevier.


Die feestelikheid het reeds vroeg verlede week onder die Menlovaria-vaandel afgeskop. Hier het die viering en vermenging van dans-, drama-, sang-, musiek-, skryf-, praat-, kook- en baktalent vir 'n kaleidoskoop van heerlike samesyn en luilekker vermaak gesorg.

Saterdag het die Menlo-bodem sy skoene uitgeskop om 'n welverdiende blaaskans saam met die feesgangers te neem. Menlo se kenmerkende blou en wit is deur 'n palet van kleur en klank aangevul en die boodskap wat deur die strate geëggo het, was eenvoudig: "Die Menlofees is die enigste plek waar jy vandag wil wees."

Teen laatmiddag het die graad 11-dogters gewys dat daar geen perke aan Parkie-kreatiwiteit is nie en dat jy ook met 'n rokkie uit rommel soos 'n prinses op die loopplank kan draai. Selfs die sportveld het 'n nuwe baadjie vir die geleentheid gedra, want mededinging is vir gemoedelikheid verruil, terwyl die gehoor hulle ore gewillig aan die gaskunstenaars uitgeleen het. Die Menlofees is 'n produk van maande se beplanning en spanwerk deur ons begeesterde feeskomitee onder leiding van me. Priscilla Marais. Hierdie formidabele span het verseker dat die fees van 2024 nie gou vergeet sal word nie. Baie dankie aan almal wat die fees ondersteun het en 'n bydrae tot die sukses daarvan gelewer het.

Ons maak gou weer so!














MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke gerus na 082 579 4968.

**Teks: Efesiërs 6:10**

"Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag."

# DAGBOEK

**13/9** Atletiek: TUT Top 12 / Noordvaal Sewestoernooi (weg) – 14/9 / Tennis: o. 15-toernooi (AHMP) – 14/9

**14/9** Parkieraadkamp / Menlobond: Reünie (Menlo-klubhuis)

**16/9** Tennis: Sun City Wilsonskild – 20/9

**18/9** Atletiek: Curro Podium Noordelike Bonde (Pilditch) / Netbal: Tekkielympics / Menlovaria: Kaartjies is **hier** beskikbaar.





# AKADEMIE

## Blikslim Parkie op pad na nasionale senior IT-olimpiade

Wanneer die meeste Parkies die laaste naweek van die vakansie geniet, sal Erik Senekal (graad 10) sake in die finale ronde van die nasionale programmerings-olimpiade uitspook. Die feit dat Parkies dikwels ʼn paar vakansiedae vir skoolsake opoffer, is indrukwekkend. Wat hierdie prestasie selfs meer indrukwekkend maak, is die feit dat alle leerders van graad 10 tot graad 12 dieselfde vraestel aflê. Erik het dus nie net sy eweknieë uitgestof om die finale ronde te haal nie, maar ook meer ervare programmeerders in graad 11 en 12.

Die Insig wens vir Erik alles van die beste toe en hou duim vas dat hy die olimpiadekodes moeiteloos sal kraak.

# MENLOFEES

## Menlovaria

(Me. Ester Cloete)

Sodra die geur van jasmyn Pretoria se sonsak begin veredel, word daar vere reggeskud in Menlo se kultuurgeledere.

*Lentetyd is Menlovaria-tyd!*

Op Menlo-bodem pronk ons absolut trots met alles wat soos kultuur proe.

Stories en gedigte vloei moeiteloos uit skrywerspenne. Kunswerke pryk na kwistige kwashale. Watertandkoeke en potjies kry gestalte onder bedrewe kokke se hande. Musiek, liriek en dans bekoor terwyl vaardige woordmeesters met redeneer en dramatiseer almal aan hulle lippe laat hang. Fotograwe verewig vernuftig ʼn oomblik in tyd. Weggooigoed word tydloos omskep in stylvolle rokkies!

*Kom smul saam aan die kultuurbederf van Menlo!*














Een en elk word hartlik na die Menlovaria-wennerskonsert uitgenooi. Kaartjies is op AfriForum Teater se webwerf beskikbaar.

**Die Menlovaria-wenners is soos volg:**

**Battle of the Bands:**
Die oorsaak (Clifford Coombe, Adrian Gous, Michal du Toit, Christo Visser en Sanja Buitendag).

**Harevleg:**
Amilia Coetzee & Elinette Engelbrecht.

**Ligte musiek:**
Jeanne-Marie van Brummelen (junior sang), Kathleen van Rooyen en Rian Knoesen (senior sang), Carl Radley (junior instrumentaal) & Klara Schutte (senior instrumentaal).

**Beste ensemble:**
Liam de Koning & Kathleen van Rooyen.

**Dans:**
Isabel Roode (solo), Gia Marais & Anike Burke (duet) & The Bouquet (groep).

**Drama:**
Rian Knoesen (senior monoloog), Jayden Ciampi (junior monoloog), Rian Knoesen en Hildegard Havenga (senior samespraak), Rhuwan Strydom en Nina du Plessis (junior samespraak), Nica Thuynsma (senior poësie), Lara Moolman (junior poësie), Rian Knoesen (gedramatiseerde prosa) & Lisa Beyers (prosa).

**Klassieke musiek:**
Liam de Koning.

**Potte:**
Asterix & Obelix (Cornel Buys en Keadan McDonald).

**Koeke:**
Cornel Buys en Keadan McDonald.

**Rokkies:**
Elri Serfontein.

**Foto's:**
Danelle Niemandt.

**Skryfkuns:**
Rudolph Smit (10 word story), Jeanne-Marie van Brummelen (kortverhale), Clara Serfontein (English poetry), Rheuben Pieterse (Afrikaanse poësie) & Roi Fourie (onvoorbereide tema).

**Kunskapperjolle:**
Katrien Mahne.

**Duitse huisies:**
Génali Venter & Jannelle Mellet.

**Sokkiejol:** Liam de Koning & Nica Thuynsma.



# FIETSRY

## Menlo wen gesogte Cycle Lab-skolereeks

Die speke van Menlo-fietsry sal vanjaar tot in die nasionale finaal van die Cycle Lab-reeks sing, want Menlo is pas as die Gauteng-wenner van hierdie reeks aangewys. Hartlik geluk aan die Parkies wat die skool by die nasionale finaal sal verteenwoordig.

Die goeie nuus stop egter nie hier nie. Jaco en Stephan Aldum het Gauteng-kleure verwerf en sal Menlo-fietsry vir die res van die seisoen as lede van die Gauteng-span verteenwoordig.

Welgedaan!










# LANDLOOP

## Menlo-landloop is pure goud!

Sewentien Menlo-landlopers het hulle staal verlede naweek by die nasionale landloopkampioenskap gewys en uitstekend gevaar. Hartlik geluk aan die afrigters, mnr. JJ Smith, mnr. Rikus Botha en me. Lelanie van Wyk, en aan die atlete wat weereens bewys het dat Menlo-vasberadenheid geen gelyke het nie.

Hier volg die uitslae van Menloparkers wat top-20-uitslae behaal het:

**Seuns**

O. 16 Leon Stoltz: 3de

O. 17 Ewan Lourens: 9de

**Dogters**

O. 14 Zanta Lourens: 4de

Anneke Steynberg: 11de

Isabella van der Merwe: 17de

O. 15 Liné de Villiers: 4de

Bianca Stoltz: 7de

O. 16 Kaitlyn van Rooyen: 4de

O. 18 Mart-Marie Jordaan: 10de

Jackie Coertze: 14de

# NETBAL







## Drie Fast5-spanne lig en rol tot by Gauteng-kampioenskap

Die Menlo-bodem het verlede naweek as gasvrou vir die Tshwane-uitspele opgetree. Drie van Menlo se doelgerigte Fast5-spanne het vinniger vir die Gauteng-kampioenskap gekwalifiseer as wat jy "lig en rol" kan sê. Baie geluk aan die spanne wat eersdaags by die Gauteng-kampioenskap in aksie sal wees:

O. 15: Menlo 1 & Menlo 2 O. 17: Menlo 1

Menlo-netbal wens hierdie spanne sterkte vir die Gauteng-kampioenskap toe en bedank graag die spelers en afrigters vir hulle harde werk.

# RUGBY

## Ratsrugby oppiebôl

Dit wil voorkom asof die Springbokke inspirasie geput het uit die spogvertonings wat Menlo se ratsrugbyspanne by Montana se sewestoernooi gelewer het. Die o. 15's en o. 17's het op pad na die podium met gedugte teenstanders afgereken. Daarby is Reinhardt Herbst as die toernooi se beste speler aangewys en eindig beide Menlo-spanne as die voorste Blou Bul verteenwoordigende spanne in die Noordvaal-toernooi.

Baie geluk aan die spelers en afrigters. Die skool sien saam met die rugbyspanne na die finaal van die Noordvaal-toernooi en 'n opwindende 2025-seisoen uit!

### o. 15: Naaswenners

1. Menlo vs. Pretoria-Noord: 44 - 0
2. Menlo vs. PBHS: 36 - 12
3. Menlo vs. Zayo Academy: 64 - 0
4. Menlo vs. Montana: 26 - 5
5. Menlo vs. Garsfontein: 26 - 21
6. Menlo vs. Affies 7 - 35

### o. 17: Wenners

1. Menlo vs. PBHS: 31 - 24
2. Menlo vs. Pretoria-Noord: 45 - 12
3. Menlo vs. Affies B: 36 - 0
4. Menlo vs. Zayo Academy: 45 - 0
5. Menlo vs. Garsfontein: 21 - 7
6. Menlo vs. Affies: 26-5

## Parkie vir Elite-oefengroep gekies

Dylan Stumke staan met sy een voet in 'n Springbokstewel, want dié talentvolle o. 16-rugbyspeler is vir die Elite Player Development Squad gekies. Noord van die Vaalrivier is daar net vier skole wat met spelers in dié oefengroep spog en Die Hoërskool Menlopark is een hiervan. Die Insig vermoed dat Dylan reeds op Rassie se radar is en hou saam met Dylan duim vas dat die Groen-en-goud nie net 'n droom sal bly nie.

Intussen is Reinhardt Herbst en Gustav Schäffner vir sewesdiens by die Blou Bulle opgeroep. Welgedaan aan die talentvolle spelers en hulle bekwame afrigters.

#MenloSewesKook








KRIEKET





## Menlo-krieket kraai koning

Menlo se krieketspelers het tussen die Menlo-feesvieringe tyd ingeruim om die skool op die krieketveld te verteenwoordig. Baie geluk met uitstekende uitslae! Jan-Willem Pienaar, Matt van der Westhuizen en Steve Stolk het met die kolf uitgeblink, terwyl Kayden du Plessis puik boulsyfers behaal het. Welgedaan aan die spelers en afrigters!

Menlopark 5de XI teen Waterkloof 5de XI

| | |
|---|---|
| Waterkloof | 112/9 (Jan-Hendrik Swanepoel 2/11) |
| Menlo | 113/3 (Brian Makamu 30*, Regardt Pienaar 31) |

Menlo wen met 7 paaltjies.

Menlopark o. 14B teen Waterkloof o. 14B

| | |
|---|---|
| Menlo | 151/4 (Lothar Dedekind 34, Daniël O' Connel 44*) |
| Waterkloof | 154/6 (Jan-Hendrik Viljoen 2/14) |

Waterkloof wen met 4 paaltjies.

Menlopark o. 14A teen Pretoria Boys High o. 14A

| | |
|---|---|
| PBHS | 138 almal uit (Kayden du Plessis 4/25) |
| Menlo | 139/3 (Victor Wenzel 46, Anton de Klerk 45*) |

Menlo wen met 7 paaltjies.

Menlopark o. 15A teen Pretoria Boys High o. 15A

| | |
|---|---|
| PBHS | 207 almal uit (Jordan van Eck 3/35, Verster Richter 2/15) |
| Menlo | 155 almal uit (Jan-Willem Pienaar 63, Luhan Hattingh 32) |

PBHS wen met 52 lopies.

Menlopark 1ste XI teen Cornwall Hill 1ste XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 233/9 (Matt van der Westhuizen 68, Steve Stolk 55) |
| Cornwall | 226/9 (Murray Hofmeyr 3/36) |

Menlo wen met 7 lopies.

SPOG

## Uitvoerende kunstenaars behaal skitterprestasies

Mandi van den Bergh en Mieke du Plooy is twee Parkies wat onlangs as Menlo-ambassadeurs vir die uitvoerende kunste opgetree het.





Mandi het haar Gauteng-kleure in dans by die Show Your Talent-kompetisie verwerf en gekwalifiseer om in 2025 in New York aan die Show Your Talent America-kompetisie deel te neem.

Mieke du Plooy het op haar beurt aan die Centurion Kunstefees in die vokale afdeling deelgeneem. Baie geluk met uitstekende uitslae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| English Pop | A++ | Afrikaans Pop | A++ |
| Rolprent | A++ | Gospel | A++ |

## Oud-Menlo-netbalspeler nou trotse Vrystater

Baie geluk aan Rolene Streutker wat onlangs met die Speler van die Wedstryd-toekenning beloon is en sodoende 'n heerlike meevallertjie opgeraap het. Rolene, staatmaker doelskieter van die Universiteit van die Vrystaat, het 'n sleutelrol in haar span se oorwinning oor Wits gespeel. Knap gedaan!

239 2 14

**varsitynetball** Congratulations to Kovsies goal shooter Rolene Streutker who was dominated under the net in the big UFS win over Wits. She collects the Player of the Match award and cheque powered by FNB eWallet.







## Oud-Menloparkers beïndruk met navorsing

Anice Gous en Liné van der Westhuizen is oud-Menloparkers wat in 2020 gematrikuleer het.

Die twee aspirantarbeidsterapeute het Menlo vir die afgelope vier jaar vir Tuks verruil en is tans in hulle finale jaar.

Anice en Liné het onlangs hulle voorgraadse navorsing, onder leiding van drs. Karin van Niekerk en Suzanne Nel, by die mediese kampus se fakulteitsnavorsingsdag aangebied en die dosente so beïndruk dat hulle geen ander keuse gehad het as om die honneursaanbiedingsprys aan Anice en Liné toe te ken nie.

Die Insig wens hierdie twee finalejaars alles van die beste vir die laaste gedeelte van hulle studies toe.

Welgedaan!

#MenloTrots



## Oud-Menloparker nou JUDASA-voorsitter

JUDASA, die Junior Doctors Association of SA, het 'n nuwe voorsitter en hy is dokter Ruhann Botha, 'n oud-Menloparker (2015). JUDASA is 'n subafdeling van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging en spits hulle toe op die uitdagings wat jong dokters ervaar.

Die Insig wens vir Ruhann sterkte vir hierdie nuwe uitdaging toe en vertrou dat sy bydrae 'n reuseverskil sal maak. #WeesDieVerskil

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# 2025-SKOOLKALENDER

## Januarie 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

## Februarie 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | |

## Maart 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

## OPENBARE VAKANSIEDAE 2025

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart | Menseregtedag |
| 18 April | Goeie Vrydag |
| 21 April | Gesinsdag |
| 27 April | Vryheidsdag |
| 28 April | Openbare vakansiedag |
| 29 April | Spesiale skoolvakansiedag |
| 30 April | Spesiale skoolvakansiedag |
| 1 Mei | Werkersdag |
| 2 Mei | Spesiale skoolvakansiedag |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 9 Augustus | Vrouedag |
| 24 September | Erfenisdag |
| 16 Desember | Versoeningsdag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |

## April 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

## Mei 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

## Junie 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |

## Julie 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

## Augustus 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

## September 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | | | | |

## Oktober 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

## November 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | | | | | | |

## Desember 2025

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |


## SLEUTEL

- Naweke
- Administrasiedae
- Skooldae
- Openbare vakansiedae
- Skoolvakansie
- Spesiale skoolvakansiedae

| KWARTAAL | DUUR | AANTAL WEKE | AANTAL DAE | OPENBARE VAKANSIEDAE | AANTAL SKOOLDAE |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (13) 15 Januarie - 28 Maart | 11 | 53 (55) | 1 | 52 (54) |
| 2 | 8 April - 27 Junie | 12 | 59 | 4+3 | 52 |
| 3 | 22 Julie - 3 Oktober | 11 | 54 | 1 | 53 |
| 4 | 13 Oktober - 10 (12) Desember | 9 | 43 (45) | 0 | 43 (45) |
| | **Totaal** | **43** | **209 (213)** | **6+3** | **200 (204)** |

# MARKPLEIN


Multiply & Vitality
Fitness Assessments
Waar: Body Intellect Mooikloof
Adres: 268 Holding, Atterbury road East
Wanneer: Maandae-Saterdae per bespreking
Tyd: 30-45 min per sessie
Kontak gerus vir Chantel
by 0607360329
BODY INTELLECT
CHANTEL SWART
BIOKINETICSSA
LIFE THROUGH MOVEMENT


SOLAR ENERGY
ARIS ENERGY SOLUTIONS
ARIS
energy solutions
Tired of Power Outages? Switch to Solar with
Aris Energy Solutions!
CONTACT US TODAY FOR A FREE CONSULTATION
FOR ANY COMMERICIAL OR RESIDENTIAL PROPERTY
www.arisenergy.co.za
061 524 8744
sales@arisenergy.co.za


www.pjtsa.co.za
PJT
SORT BY
FruitKO - 100%
Fruit Juice Range
350ml (6pk)
R54.00
Buy Now
FruitKO - Nectar
Range 500ml
(6pk)
R52.80
Buy Now
FruitKO -Nectar
Range 1.5Lt (6pk)
R112.20
Buy Now
FruitKO - 100%
Juice range 1Lt
(6pk)
R130.20
Buy Now
AQUA KO
STILL
NATURAL
SPRING WATER
ICE TEA
LEMON
ORDER
ONLINE
RIGHT
NOW!
SHOP
NOW
(011) 396 3690/1
69 Pomona Rd, Pomona. Kempton
Park


Capsicum
CULINARY STUDIO
PASSIONATE ABOUT COOKING? TURN YOUR PASSION INTO A CULINARY CAREER
CAPSICUMCOOKING.COM
PRETORIA CAMPUS
012 993 0071
134 Aramist Ave,
Waterkloof Glen


JOU BESTE PLAASLIKE
INTERNET VERSKAFFER
vanaf R327pm*
*Onderhewig aan produkbeskikbaarheid in jou area.
WIRUlink Pretoria
Pretoria
RIETFONTEIN
SILVERTON
FAERIE GLEN
MONTANA
Roodeplaat
wirulink
wireless • fibre • voice • data
www.wiru.co.za • 012 111 8300
RUSH NETWORK
MetroFibre
DFA OPEN ACCESS NETWORK
VUMA
Frogfoot
openserve



## BERCHTESGADEN
GAME RANCH & LIFESTYLE FARM

In die hartjie van die Waterberg se Bosveld sal jy een word met moeder natuur by 'n bestemming wat nie aan almal bekend is nie – want ons verkies dit so omdat dit spesiaal is in God se skepping.

Kom kuier en kruip weg van alles en almal. Bespreek vir 3 nagte of meer en kry 1 nag akkommodasie GRATIS vd hele groep. Ons huisves tem 40 persone in 'n verskeidenheid van verblyf opsies. Bederf jouself en eet uit die lodge kombuis as jy verkies. Die boomryke Lodge en Wildsplaas met aangrensende Boerplaas waar die kinders kan baljaar tussen die plaasdiere en op 'n perd se rug sal bydrae tot 'n onvergeetlike tyd!

Scan me

Bespreek vandag reeds vir daardie spesiale tyd in die bos.
Kliek hier vir die volle aanbieding - https://online.fliphtml5.com/byrof/ikvu/
info@berchtesgaden.co.za
www.berchtesgaden.co.za
Skakel of WhatsApp 083 250 7989

## Flavourlicious Creations

**Bespoke cakes and cupcakes for all occasions**

- Baked from scratch
- Quality ingredients
- Delicious
- Beautiful





**Contact us for a quote:**

076 7733262

info@Flavourlicious.co.za

**Follow us:**

Flavourlicious Creations

Flavourlicious_creations

## JONG STADSBOER
*Veldskool*

Baie pret!!!

*Grade 8-11 Jong Stadsboere*

DIE GROOTSTE GELEENTHEID OM BEIDE DIE LEWE VAN DIE VEE- EN WILDPLAAS TE ERVAAR! BERCHTESGADEN SE JONG STADSBOER VELDSKOOL BIED DIE JEUG VAN GRAAD 8 TOT GRAAD 11 DIE GELEENTHEID OM 'N GEBALANSEERDE ERVARING TE HÊ

- Vuurwapen hantering en -veiligheid
- Roete marsering in die Afrika bos
- Slag en verwerking van vleis
- Plaas aktiwiteite en die hantering daarvan (wild en vee)
- Wildsritte
- Perdry en -versorging
- Slaap onder die sterre en bosveld fliek
- Reptiel kursus (met wye verskeidenheid van diere)
- Basiese noodhulp
- Oorlewings slaap in die bos



22-28 SEPT 2024

Berchtesgaden Game Ranch & Farm (Vaalwater)
083 250 7989
veldskool@berchtesgaden.co.za
www.berchtesgaden.co.za

SLEGS 30 PLEKKE BESKIKBAAR PER KAMP!

